Graad 4

4.1 Ons visie vir Graad 4

Hierdie gids vir Graad 4 is nie 'n beleidsdokument nie. Elke klas is anders, verskillende onderwysers bied vakke verskillend aan, en die riglyne wat hierin vervat is, is dus nie rigied nie.

Graad 4 is die eerste graad in die Intermediêre Fase. Dit verteenwoordig 'n paar groot veranderinge vir die kinders, aangesien hulle vir die eerste keer eksamen en formele toetse skryf, vir die eerste keer take doen, vir die eerste keer klasse wissel, en meer vakke het met vakonderrig by verskillende onderwysers (in teenstelling met die klasonderrig van die Grondslagfase). Daar is drie onderwyseresse in Graad 4, en die kinders kry by elkeen van hulle onderrig in verskillende vakke. Daar word ook van die Graad 4's verwag om al hul werk in lopende skrif te doen (met potlood).

In Graad 4 is daar nie meer formele leesonderrig nie, aangesien die aanname is dat hulle reeds kan lees. Die klem verskuif nou na *lees om te leer*, dus die vermoë om leesvaardighede toe te pas op nuwe materiaal in enige vak, en daaruit sin te maak.

Ons visie vir Graad 4 is om die kinders te lei na selfstandigheid en emosionele onafhanklikheid. Drie van die belangrikste doelwitte is:

(i) Die Graad 4's moet self verantwoordelikeheid neem vir hul huiswerk – beide die afskryf en voltooiing daarvan. Hulle ontvang elkeen 'n groot huiswerkboek vir die eerste ses maande en daarna die klein huiswerkboekie (soos gr. 5 – 7 gebruik) tot die einde van die jaar.

(ii) Die Graad 4's moet self verantwoordelikheid neem vir hul handboeke en ander leermateriaal vir hul onderskeie vakke, en moet hul eie tas pak met die ouer wat slegs kontrolleer. Beplanning en organisasie is belangrike vaardighede wat hulle reeds in Graad 4 onder die knie moet probeer kry.

(iii) Die Graad 4's moet verantwoordelikheid neem vir hul eie optrede en besluite, en moet op sosiale vlak hul eie probleme met maats hanteer en oplos.

(iv) Die graad 4-onderwysers beplan die huiswerk saam en sal dit so in deel dat die leerders nie oorlaai word nie.

4.2 Assessering in Graad 4

(Sien asseblief die Akademiese- en assesseringsbeleid op die webwerf vir meer besonderhede: http://www.jvrprim.co.za/files/Akademiese%20en%20Assesseringsbeleid.pdf)

- Ons volg die amptelike beleid (KABV) se assesseringsprogram. Assessering is 'n integrale deel van die onderrigsiklus, omdat dit aan onderwysers uitwys waar daar probleme is wat aangespreek moet word.

- Ouers kry elke kwartaal ‘n deeglike uiteensetting waar die punt op die verslag vandaan kom. In Graad 4 maak ons seker dat vrae van wisselende kognitiewe kompleksiteit ingesluit word in die assesserings (van baie eenvoudige memorisering, tot meer komplekse integrasie, tot sintese en toepassing), aangesien kinders in die Intermediêre Fase gelei moet word na meer abstrakte en komplekse denke.
- Daar is weeklikse tafeltoetse sowel as Afrikaanse en Engelse speltoetse om belangrike werk te konsolideer. Dit is belangrik dat tafels en spelling byna outomaties word, sodat die kinders hul aandag kan spandeer aan meer komplekse probleme. Elke Vrydagoggend is daar ‘n periode wat gebruik word vir die formele assesserings. Dit kan óf ‘n toets, óf ‘n taak wees. Dit word in die huiswerkboekie aangedui, asook op die taak-en toetsrooster wat aan die begin van elke kwartaal uitgedeel word.

4.3 Huiswerk in Graad 4

- Volgens die JvR huiswerkbeleid kry kinders in Graad 4 maksimum 40 minute se huiswerk elke middag. Dit mag dalk meer of minder wees, aangesien vakonderrig gegee word en leerders nie elke dag al die vakke het nie. Min tot geen huiswerk word op Dinsdae gegee as daar ‘n formele assessering die volgende dag plaasvind nie. Die huiswerk sal soms langer neem as 40 minute, veral aan die begin van die jaar, of wanneer klaswerk nie voltooi word nie en dan huiswerk word.
- Dit is baie belangrik dat kinders aangemoedig word om in die klas te fokus, en soveel as moontlik van hul werk in die klas te doen. Baie van die huiswerk kan sodoende selfs in klastyd afgehandel word – daar is heelwat kinders wat dit regkry! Die huiswerk is nie te veel of te moeilik nie, maar saam met die toetsvoorbereiding is dit wel redelik baie.
- Dit is belangrik dat kinders elke dag die huiswerk afskryf, want dis die enigste manier hoe hulle self verantwoordelikheid kan neem vir die voltooiing van die huiswerk. Die afskryf van huiswerk in die klas verteenwoordig ook ‘n belangrike vaardigheid (transkribering) wat die kinders ook help om lopende skrif vas te lê.
- Veral aan die begin van die jaar is dit belangrik vir ouers om deeglik bewus te word van die inhoud en die soort huiswerk wat in elke “nuwe” vak gegee word. Indien hierdie band met die vak nie gesmee word nie, is dit baie moeilik vir ouers om die kinders skielik te help voorberei vir hul eerste toetse en eksamens. Ouers moet ook elke dag kyk dat die huiswerk gedoen is, en dit teken.
- Onderwysers kontroleer dat huiswerk wel gedoen is, maar merk dit nie formeel nie. Die huiswerk word in die klas gemerk deur die kinders onder leiding van die onderwyser, en hulle bring dan veranderinge en verbeteringe aan. Indien klaswerk nie voltooi word in die klas nie, sal dit huiswerk word.
- Die onderwyseresse beplan die huiswerk saam en dit sal veral aan die begin afgerol aan hulle verskaf word.

4.4 Ouers se rol in Graad 4

- Ouers moet in Graad 4 ‘n aktiewe rol speel en betrokke wees. Veral aan die begin van die jaar moet die ouers die kinders help om die sprong van Graad 3 na Graad 4 te oorbrug. Hulle moet aanmoedig,

help met die huiswerk, en positief betrokke wees. Ouers se houding teenoor die skool, huiswerk en harde werk moet self positief wees om sodoende ‘n model vir die kinders te wees.

- Ouers speel ook ‘n belangrike rol in die aanleer van beplanning en organisasie. Sit bv die taak- en toetsrooster op die yskas, en werk saam met die kind om sy of haar tyd te beplan.
- Wanneer dit kom by die eerste toetse en assesserings, is dit belangrik dat ouers hul kinders help om voor te berei – hulle weet nog nie hoe nie, en ouers moet daarom help om die werk vas te lê deur vrae te vra, die werk saam met hul kinders deur te gaan, ens.
- Gesonde kospakkies moet skooltoe ingepak word, en kinders moet aangemoedig word om hul kos tydens pouses te eet, anders word hulle moeg en sukkel om te konsentreer. Genoeg slaap is steeds belangrik, ook oor naweke.
- Goeie gedrag en maniere, sowel as respek vir ander mense, moet sterk deur die ouers aangemoedig word by die huis. Kinders moet verstaan dat daar gevolge is vir swak gedrag.
- Respekvolle kommunikasie tussen die ouers en onderwysers kan baie help om probleme op te los. Begrip vir onderwysers se werkslading en persoonlike tyd is ook belangrik – ouers moet asseblief sover as moontlik probeer om onderwysers gedurende skool-ure te skakel.

4.5 Kinders se rol in Graad 4

- In Graad 4 verwag ons ‘n positiewe houding teenoor die skool, en leer. Ons verwag dat kinders respekvol teenoor ander moet wees.
- Hardwerkendheid en ‘n werkskultuur is ook belangrik: kinders moet fokus tydens klastyd, en soveel as moontlik werk daar voltooi.
- Dit is belangrik dat kinders die selfvertroue ontwikkel om te sê as hulle werk nie verstaan nie.
- Kinders moet ook probeer om te leer uit hul foute.
- Geen speelgoed word in die klas toegelaat nie, aangesien dit die kinders se aandag aftrek. Speelgoed sal afgevat word.

4.6 Onderwysers se rol in Graad 4

- Onderwysers in Graad 4 poog om geleenthede te skep vir leer.
- Die onderwyseresse tree op as rolmodelle en as “skoolma’s” wat individuele aandag skenk aan die kinders, en baie ondersteuning bied vir die verskillende sosiale probleme wat die kinders affekteer.
- Ons verwag van die kinders om respek vir hulself, hul omgewing en ander te hê.

4.7 Addisionele klasse in Graad 4

Die standaard by JVR is reeds hoog, en ekstra klasse as ‘n reël is dus nie nodig nie. Van die buite-kurrikulêre akademiese programme plaas druk op die kinders, en beklemtoon vaardighede wat nie regtig van belang is in die laerskool nie (bv werk teen tyd).

Leesbegrip is ‘n groot probleem vir party Graad 4’s. Dit affekteer hul vermoë om in alle vakke te presteer – selfs Wiskunde waar daar baie woordprobleme is, en dikwels die swak lesers kelder. Leesbegrip word in die

Afrikaanse klas aangespreek deur ‘n groot klem op leesbegrip en -vlotheid te plaas. Indien daar ‘n ernstige leesprobleem is, sal die ouers gekontak word.

4.8 Die kurrikulum in Graad 4

Ons volg die nasionale kurrikulum, maar elke vakonderwyser gee ook aanvullende werk vir verryking en beter onderrig. Die kurrikulum is redelik gelaai. Dit is daarom uiters belangrik dat die Graad 4’s aangemoedig word om aandag te skenk in klastyd, en om soveel as moontlik van hul werk in die klas te voltooi, aangesien enige werk wat nie in die klas voltooi word nie as huiswerk gegee sal word.

Dit sal soms gebeur dat ekstra klastoetse geskryf word om vaslegging en voorbereiding vir die eksamen te verbeter.

Volgens die KABV is daar ses vakke in Graad 4:

4.8.1 Afrikaans Huistaal

Taal is `n instrument vir denke en kommunikasie. Huistaal is die taal wat leerders eerste aanleer.

Huistaalvlak maak voorsiening vir taalvaardighede wat basiese interpersoonlike kommunikasievaardighede en kognitiewe akademiese vaardighede reflekteer. Klem word op die onderrig van **luister- praat- lees- en skryfvaardighede** gelê.

Ons gebruik die *Platinum*-handboek (sommer die Koekieboek vir graad 4), asook allerhande aanvullende notas en materiaal.

Die huistaalkurrikulum word volgens die onderstaande vier vaardighede gestruktureer, met “dink en redeneer” wat by al vier vaardighede ingevleg word:

- **Luister en praat**
  Kritiese luistervaardighede stel kinders in staat om waardes en houdings in tekste te herken. Gesproke taal benodig baie aandag in graad 4. Daar word voortgebou op tekstipes wat in die Grondslagfase bekend gestel is, bv. stories; persoonlike vertellings en instruksies. Nuwe tekstipes word nou aan hulle voorgestel bv. feitelike verslae, mondelinge verslae en kort praatjies. Daar word gewoonlik twee aktiwiteite elk (mondeling en luister) per kwartaal gedoen vir assessering. Alle inligting word aan die kinders verskaf. Hulle kry kans om tuis voor te berei, ook in die klas. Juffrou help altyd, en ouers moet ook altyd ondersteun! Die kinders ontvang `n matriks wat presies aandui wat geassesseer word.
- **Lees en kyk**
  Goedontwikkelde leesvaardighede is oor die hele kurrikulum belangrik vir suksesvolle leer. Groepsbegeleide lees, selfstandige lees en lees in pare is metodes wat gebruik word. Ouers kan hul kinders gerus aanmoedig om in hul vrye tyd boeke van eie keuse selfstandig te lees, vir genot.

Die leesproses bestaan uit: `n pre-lees; gedurende lees en `n post-leesstadium.

Pre-lees

- Aktiveer bestaande kennis
- Lees eerste en laaste paragrawe van `n afdeling
- Maak voorspelling oor onder andere die inhoud en tema

Gedurende lees

- Ruspouses om begrip te toets en idees te laat insink
- Inhoud word gebruik om betekenis van onbekende woorde vas te stel
- Visualiseer wat gelees word
- Kinders hou aan lees al verstaan hulle sekere dele nie
- Lees dele hardop en teen `n stadiger tempo indien inhoud verwarrend is
- Maatjies help om moeilike gedeeltes te verstaan
- Lewer verslag oor wat gelees is

Post-lees

- Maak afleidings
- Som op om hoofgedagtes te herroep
- Graad 4's stel vas of hulle die teks verstaan
- Evalueer teks
- Kinders verbreed denke – gebruik idees in teks

Voorbereide en/of onvoorbereide lees word elke kwartaal geassesseer. Weer eens ontvang hul `n matriks om te wys wat geassesseer word.

- **Skryf en aanbied**

  Dit is die instrument wat die kinders toelaat om hul gedagtes en idees uit te bou. Skryf is belangrik omdat dit hulle dwing om oor grammatika en spelling na te dink. Die kinders word aangemoedig om die taal te prosesseer.

  Die skryfproses word as volg beskryf en gebruik, vir enige soort skryfstuk:

  - Beplanning van skryfstuk
  - Skryf `n konsep
  - Hersien die skryfstuk
  - Proeflees die skryfstuk
  - Aanbieding van die skryfstuk

  `n Minimum van twee formele assesserings van verskillende skryftekste word kwartaalliks gedoen. Hierdie take word in die klas gedoen. Aanvullende skryfwerk word ook gedoen, en gediggies word ook geskryf.

- **Taalstukture en konvensies**
  Daar word verwag dat taalstrukture en –konvensies binne konteks aangeleer word. Die teksgebaseerde benadering stel die kinders in staat om vaardige, vrymoedige en kritiese lesers, skrywers en ontwerpers van en kykers na tekste te word.

  Omdat daar egter baie min tyd is, word daar wel lyste van spel en woordeskat (idiome ens) aan hulle gegee om te leer. Dit word altyd in sinne gevra (ouers moet dit ook so vra). Die handboek moet altyd saam gebruik word wanneer daar geleer word vir `n toets. Daar word `n minimum van 2 taaltoetse per kwartaal geskryf. Die kinders sal presies weet waaroor hulle toetse skryf. Hulle moet hulle baie deeglik voorberei en seker maak hulle verstaan hulle werk. Hulle het net twee werkboeke om uit te leer nl. die *Spelboek* en *Beter lees en skryfboek* (natuurlik ook die handboek). Daar word elke week 'n speltoets geskryf. Die punt word verwerk as 'n taalpunt aan die einde van elke kwartaal.

- **Boeke en portefeuljes:**
  - **Portefeulje:** Alle formele assesserings word in die klas gestoor. Die portefeulje gaan van tyd tot tyd huis toe om deur ouers onderteken te word.
  - **Beter lees en skryfboek:** Ons doen ons taal en skryfwerk in die boek. Ons gebruik dit ook vir studie.
  - **Spelboek:** Ons lyste om te leer word in die boek geplak. Dit word gebruik om uit te leer.
  - **Algemene boek:** Al ons beplanning van skryfwerk, mondeling en spel word in die boek gedoen. Dis `n rofwerkboek en kinders mag net in dié boek self merk.

4.8.2 English First Additional Language (FAL)

Laerskool Jan van Riebeeck uses the *Platinum* English First Additional Language learner book that has been especially developed to comply with CAPS for English First Additional Language in the Intermediate phase. Additional material to enhance and modify lessons are frequently used by the teachers. There are 18 themes in total which contain activities for a two-week cycle, as set out in CAPS. Each theme starts with a clear list of exactly what is covered for each skill in that two-week cycle. Each theme consists of the following sections:

- Listening and speaking – oral and listening activities
- Reading and Viewing – reading text and comprehension skills
- Language focus – formal language practise, with integrated language activities in other sections
- Writing and presenting – essays, media text and transactional writing, using the writing process
- Revision – language, comprehension or writing activities for homework

Formal Assessments
Each term consists of ten assessments. Below are some details regarding the curriculum covered, as well as the relevant assessments.

- **Listening and speaking:** Grade 4 learners build on the listening and speaking skills that they have developed in the Foundation Phase. During each term the child is given a minimum of one oral and one listening exercise. Parents should encourage their children to be well prepared for oral

presentations, activities, role-play, book reviews etc. A rubric that contains all the elements for assessment, will be provided as a guideline for preparation. This rubric will be made available to the learners at least two weeks before due date.

- **Reading and Viewing:** A variety of texts is used such as: stories, dramas, poetry, informational texts, social texts and media texts. At the end of each informational text, questions are asked which encourage children to reflect on what they have read. This activity can be used to assess their comprehension skills. A minimum of two texts are used during each term for prepared reading, unprepared reading, comprehension or a book review. These activities will be completed during class time. Grade 4 learners are encouraged to read one book per term (75-250 pages). We know from research that children's vocabulary and comprehension skills are heavily dependent on the amount of reading they do.

- **Writing and presenting:** Writing is a powerful instrument of communicating that allows us to construct and communicate thoughts and ideas coherently. The Grade 4 learners compile a range of creative, procedural and informational texts. At this level, writing frames are provided to support all writing activities (e.g. completion of a sentence with a few words being left out). As the year progresses, the frames provide less support, and children are encouraged to write more independently. Writing is important because it forces children to think about grammar and spelling. There are a minimum of two assessments per term. Parents are allowed to assist with editing and proofreading (checking spelling, grammar and punctuation) but the final activity must be completed in class. Learners are encouraged to make use of dictionaries while concluding their assessments.

- **Language structure and conventions:** A good knowledge of vocabulary and grammar provides the foundation for skills development (listening, speaking, reading and writing). Grade 4 learners are encouraged to use class dictionaries and personal dictionaries to find/research the spelling and definitions of words. Weekly spelling tests will be written to assess the learner's knowledge and understanding of new terminology. There are two formal language assessments per term.

Books and portfolios

- **Books**: Each Grade 4 learner will receive a *Platinum* First Additional Language book, a class dictionary, class reading book and 4 workbooks (Classwork, Language study book, spelling book, poetry and writing book).
- **Portfolios**: All assessments will be made available for viewing but no assessments will be sent home for specific reasons such as missing assessments/portfolios.
- **Homework**: Children will be required to read a minimum of one book per term (75 – 250 pages). They are given constructive activities that are meaningful and in relation to the text they are studying in the two-week cycle. Incomplete class work activities will automatically become homework.

English Home Language – preparation for grade 5

- Laerskool Jan van Riebeeck offers English First Additional Language in the Junior Phase, and English Home Language and English First Additional Language from grade 5-7. The *top 35* students in English will be identified at the end of Term 2 and will be thoroughly assessed throughout the next two terms. These assessments will be conducted in accordance with the National Curriculum and

Assessment Policy Statement (CAPS) guidelines. Important skills such as reading, oral participation, grammar, spelling, creative writing and comprehension skills will form part of their assessments.

- Extension activities, of one hour per week, will be provided to these candidates during the third and fourth term of grade 4. This approach is taken to enhance their language skills and to familiarise them with the next phase.
- The ***top 25*** candidates in this group will be selected for grade 5 English Home Language at the end of Term 4.

4.8.3 Wiskunde

Die sukses in Wiskunde lê by elke kind! Hulle moet tafels op die punte van hul vingers ken en deeglike herhaalde oefeninge, lê begrippe vas. Harde werk word altyd beloon, en goeie dissipline tydens klastyd dra by tot goeie begrip. In die klas word inligting gegee en as die kind dit mis.... is dit verby.

Sukses in Wiskunde kweek ook ’n liefde vir Wiskunde en die sukses van Wiskunde hang af van elke kind, hul harde werk, hul huiswerk en hul gedrag in die klas.

GEEN speelgoed word toegelaat in ’n Wiskundeklas nie. Dit steel konsentrasie en pla ook die klasmaats.

- **Assessering**: Ons assesseer volgens die KABV. Formele assessering word volgens Wiskunde kognitiewe vlakke opgestel, met ’n verskeidenheid vrae.
  - Kennis 25%
  - Roetine Prosedures 45%
  - Komplekse Prosedures 20%
  - Probleemoplossing 10%

  Formele assesserings word in die klas gehou en ouers is welkom om daarna te kyk. Geen vraestel sal huis toe gestuur word nie. Antwoordstelle word deeglik in die klas behandel en vrae word verwelkom. Verbeteringe word gedoen om toekomstige foute uit te skakel.

  Graad 4’s is eintlik nog klein, en toetse en eksamens is heeltemal nuut vir hulle. Hulle het nie noodwendig die vaardighede om hulself vir assesserings voor te berei nie. Tydens assessering moet ouers daarom nog hul kinders help om die werk vas te lê en voor te berei vir toetse en eksamens.

  Tydens take mag ouers vir hul kinders leiding gee en help, maar nie die taak names hulle doen en dit dan inhandig nie. Die kinders leer niks in die proses as die werk namens hulle gedoen word nie.

  Daar word in die derde kwartaal ANAs geskryf wat van die Nasionale Onderwysdepartment kom. Hierdie toets is verpligtend en bevat die hele jaar se werk.

- **Bronne**: Die onderwyser gebruik ’n verskeidenheid bronne om die beste vir die Graad 4’s te bied. Elke kind besit ’n *Platinum*-handboek en oefeninge word daaruit gedoen.

- **Werkboeke**: Die Graad 4’s het ’n werkboek waarin klaswerk gedoen word, asook ’n kitsreken boek waarin huiswerk, ekstra oefeninge en tafeltoetse gedoen word. Die kitsreken boek word deur die kind self of ’n klasmaat nagesien.

Indien werk nie in die klas voltooi word nie, kan die onderwyser dit nie nasien nie. Indien werk half voltooi word, neem die onderwyser dit in en merk tot waar die kind gekom het. Dit is ‘n aanduiding aan ouers hoe hul kind tydens klastyd werk. Werk nie gedoen nie, word as onvoltooid beskou.

Die Graad 4’s sal gereeld (elke Maandag en Donderdag) ’n tafeltoets asook + en - toetse skryf. Tafels behels ook deling (bv 3 x 4 = 12, 12 ÷ 4 = 3). Hierdie tafeltoetse kan egter ook bydra tot ’n kwartaalpunt om die kinders sodoende aan te spoor om daarvoor te leer. Tafels = sukses in Wiskunde.

Skryfwerkboeke moet asb. nie weggegooi word nie. Aan die einde van die jaar skryf die leerders oor die hele jaar se werk.

4.8.4 Natuurwetenskappe en Tegnologie

Ons maak gebruik van die *Platinum*-handboek met aanvullende notas en materiaal wat aan die Graad 4’s verskaf word. Hierdeur word daar `n goeie grondslag geskep wat hulle voorberei vir Graad 5. NWT is `n lywige vak en daarom word die kinders gemotiveer om in klastyd aktief deel te neem met insette en vrae.

Daar is baie belangrike terminologie wat hulle onder die knie moet kry voor Graad 5 en ons maak dus gebruik van hierdie ‘nuwe woorde’ om `n oopboek toets te skryf vir ekstra vaslegging. Klastoetse word so gereeld moontlik in die klas geskryf om vaslegging en hersiening te verseker vir toetse en dan uiteindelik die eksamen.

Daar word voorsiening gemaak vir eksperimente in klastyd om sekere werk meer prakties aan die kinders te wys vir ekstra vaslegging.

Daar word elke kwartaal een formele toets en taak/projek gegee.

- **Toetse**: Die toetsdatum word aan die begin van elke kwartaal gegee sodat daar beplanning gedoen kan word rondom die leerwerk vir die vak. Daar sal aan die Graad 4’s voor elke toets presies gesê word wat van hulle verwag word om te leer.
  Die toetse bestaan uit verskillende vlakke van vrae. Die vlakke (volgens Bloom se taksonomie) word gebruik om hulle op alle vlakke te ontwikkel en te verseker dat ons nie die kinders soos papegaaie grootmaak nie. Insig-, toepassings- en algemene kennisvrae word in NWT toetse en eksamens gevra.

  Tydens toetse word daar gebruik gemaak van sekere woorde wat vir baie Graad 4’s nog onbekend is soos byvoorbeeld “identifiseer”, “onderskei”, “definisie”, “vergelyk” ens. Dit is egter `n belangrike woordeskat wat hulle moet aanleer. Daarom stel die onderwyser die vraag aan die begin van die jaar bv soos volg: “Gee die definisie van die volgende (wat beteken die volgende woord?).” Ouers moet ook probeer om met die voorbereiding van die leerwerk tuis hul kinders gewoond te maak aan die nuwe woordeskat.

  `n Groot aanbeveling is dat u, u kind mondelings by die huis vra en dat hy/sy die antwoorde in lopende skrif neerskryf. Dit help die kind om te dink hoe die antwoord geformuleer moet word en die skryfspoed word ook verbeter.

- **Take**: Take of projekte word gewoonlik vroeg in die kwartaal uitgedeel en daar word van die kinders verwag om dit in die klas te voltooi. Weens gebrek aan tyd sal daar tye wees wat ouers met sekere aspekte van die taak mag help, maar die ouers mag nie hul kinders se taak voltooi nie, anders het daar geen leer plaasgevind nie.

Boeke en portefeuljes:

- **Portefeuljes**: Alle formele assesserings word in die klas gestoor. Ouers is baie welkom om daarna te kyk. Die portefeuljes word nie huistoe gestuur nie, aangesien dit in die verlede dikwels verlore geraak het. Die memorandum van toetse word op die interaktiewe witbord gesit en word deeglik met die klas behandel. Hulle doen dan alle verbeteringe in hul boeke sodat hulle nie weer dieselfde foute maak nie.
- **Klaswerkboek**: Alle werk wat in die klas behandel word, is in hierdie boek. Die Graad 4's gebruik hierdie boek om uit te leer vir toetse en eksamens. Hulle merk hul eie werk en is verplig om verbeteringe te doen as hulle werk verkeerd is. Die onderwyser kontroleer gereeld hul werk en alle boeke sal volledig nagesien wees voor enige toetse of eksamens.
- **Huiswerk**: Omdat NWT die inhoudsvak met die meeste leerwerk is, word dit aanbeveel dat die kinders daagliks hul notas op datum bring en vroegtydig begin leer vir toetse. Die Graad 4's het elke dag `n sekere hoeveelheid klaswerk wat hulle moet voltooi voordat hulle met die huiswerk begin. Huiswerk dien as vaslegging van die dag se werk.

4.8.5 Sosiale Wetenskappe (Geskiedenis en Aardrykskunde)

Sosiale Wetenskappe bestaan uit Aardrykskunde en Geskiedenis. Hierdie word as twee aparte vakke gesien wat saam bydra tot die SW-punt aan die einde van die kwartaal. Albei vakke word in al die kwartale aangebied.

Assessering: Formele assessering word volgens Bloom se taksonomie vlakke, met 'n verskeidenheid vrae op die verskillende vlakke.

- Herroeping en Kennis-vrae beslaan 30% van elke assessering
- Verstaan en Toepassings-vrae beslaan 40% van elke assessering
- Analisering, Evaluering en Skepping-vrae beslaan 30% van elke assessering

Formele assesserings word in die klas gehou en ouers is welkom om daarna te kyk. Vraestelle word nie huis toe gestuur nie. Antwoordstelle word deeglik in die klas behandel en vrae word verwelkom. Verbeteringe word gedoen om toekomstige foute uit te skakel.

Graad 4's is nog nie gewoond aan toetse en eksamens nie – dis heeltemal nuut vir hulle. Hulle het nie noodwendig die vaardighede om hulself vir assesserings voor te berei nie. Tydens assessering moet ouers daarom nog hul kinders help om die werk vas te lê en voor te berei vir toetse / eksamens.

Tydens take mag ouers vir hul kinders leiding gee en help, maar nie die taak names hulle doen en dit dan inhandig nie. Die kinders leer niks in die proses as die werk namens hulle gedoen word nie. Alle take sal in die klas voltooi word.

Bronne: Die onderwyser gebruik 'n verskeidenheid bronne om die beste vir die kinders te bied. Elke kind besit 'n *Platinum*-handboek wat die nodige inhoud en oefeninge het. Die handboek dek beide Geskiedenis en Aardrykskunde. Aanvullende notas word in die werkboeke geplak.

Werkboeke: Ekstra notas en oefeninge word in die werkboeke geplak en gedoen.

4.8.6 Persoonlike en Sosiale Welsyn

Persoonlike en sosiale welsyn (PSW) is die studie van die self ten opsigte van die omgewing en gemeenskap. Graad 4's word voorsien van vaardighede wat benodig word om ingeligte besluite te neem t.o.v. persoonlike leefstyl, gesondheid en sosiale welsyn. Hulle leer ook van hul grondwetlike regte en verantwoordelikhede, om die regte van ander te respekteer en om verdraagsaam op te tree.

In die Lewensvaardighede-kurrikulum vir Graad 4 word PSW uitgedruk as 'n studieveld wat in drie onderwerpe vervat is, naamlik:

- Ontwikkeling van die self
- Gesondheids- en omgewingsverantwoordelikheid
- Sosiale verantwoordelikheid.

Daar word vier ure per week aan Lewensvaardighede toegeken en dus 1½uur vir PSW (die res van die tyd word afgestaan aan die ander komponente van die vak, by name LO en Kuns).

- Ontwikkeling van self:
  - Persoonlike sterkpunte
  - Respek vir eie en ander se liggame
  - Emosies: begrip vir verskillende emosies
  - Konflikhantering
  - Persoonlike ervaring van groepwerk
  - Afknouery: reaksies daarop
  - Lees vir genot
- Sosiale verantwoordelikheid:
  - Kinders se regte en verantwoordelikhede
  - Kuturele en morele lesse
  - Kennis van vernaamste religieë in S.A.
- Gesondheids- en omgewingsverantwoordelikheid
  - Gevare in en om water
  - Verkeersreëls

- Persoonlike en huishoudelike higiëne
- Eetgewoontes
- Omgewingsbewaring en persoonlike gesondheid
- MIV- en VIGS-opvoeding: basiese feite.

Take en aktiwiteite word meestal in die klas gedoen. Slegs werk wat nie klaar is in die klas nie, word huiswerk. As klastyd benut word, is daar minder huiswerk.

Formele assessering: Die eerste en derde kwartaal word slegs `n taak of projek vereis. Baie min ouerhulp is nodig, alhoewel ondersteuning altyd belangrik is. In die tweede en vierde kwartaal is daar ‘n formele eksamen, en die Graad 4’s skryf dan oor al die werk wat hul gedoen het.